


© Die Oratorium Uitgewery

## ST. MAXIMILIAAN KOLBE

### 14 AUGUSTUS

(1894-1941)

Hierdie Franciskaanse priester was 'n bekende figuur in Pole en die buiteland as die oprigter van verskeie Katolieke koerante, radiostasies en die stigter van 'n klooster in Pole en Japan. Tydens die Tweede Wêreldoorlog gee hy skuiling aan vlugtelingen van die Nazi's en veroordeel hy hul gruweldade in die openbaar. Hy word in 1941 deur die Gestapo in hegtenis geneem en na Auschwitz gestuur. Toe een van die gevangenes uit sy blok ontvlug word daar as 'n strafmaatreël tien mans gekies om 'n hongerdood te sterf. Vr. Kolbe neem vrywilliglik die plek van een van die veroordeeldes in.



ST. MAXIMILIAAN KOLBE  
14 AUGUSTUS